HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

**(Ingestel kragtens testament van wyle J H Marais op 30 Mei 1915 MT3312/56)**

T: 021 882 9862/72 Posbus 12700, Die Boord, 7613 www.hetjanmarais.co.za

# Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 ("POPIA") Beleid vir Het Jan Marais Nationale Fonds

# ("HJMNF")

## 1. OPSOMMING VAN POPIA EN BELANGRIKE KONSEPTE

Artikel 14 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 bepaal dat elkeen die reg op privaatheid het. POPIA beskerm individue teen die onwettige versameling, bewaring, oordrag en gebruik van hul persoonlike inligting en het ten doel om te verseker dat die prosessering van persoonlike inligting nie die reg op privaatheid van die datasubjek skend nie.

Belangrike konsepte word gedefinieer in Artikel 1 van die Wet:

**"Datasubjek"** beteken die persoon op wie persoonlike inligting betrekking het ("u");

**''Persoonlike inligting''** beteken inligting aangaande 'n identifiseerbare, lewendige, natuurlike persoon, en waar van toepassing, 'n identifiseerbare, bestaande regspersoon, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot—

(a) inligting met betrekking tot die ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, nasionale, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntering, ouderdom, fisiese of geestelike gesondheid, welsyn, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte van die persoon;

(b) inligting met betrekking tot die opvoeding of die mediese, finansiële, kriminele of werksgeskiedenis van die persoon;

(c) enige identifiserende nommer, simbool, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, inligting met betrekking tot ligging, aanlyn identifiseerder of ander bepaalde toewysing aan die persoon;

Trustees: Me. E de la H Meaker (voorsitter), Mnr. PJ Bestbier (ondervoorsitter),
Prof. MLA le Cordeur, Mnre AL de Waal en L van der Walt, Me. W van Heerden

PBO 930006739

(d) die biometriese inligting van die persoon;

(e) die persoonlike menings, sieninge of voorkeure van die persoon;

(f) korrespondensie gestuur deur die persoon wat vanselfsprekend of uitdruklik van ’n private of vertroulike aard is of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie aan die lig sal bring;

(g) die sieninge of menings van ’n ander persoon met betrekking tot die persoon; en

(h) die naam van die persoon waar dit verskyn met ander persoonlike inligting met betrekking tot die persoon of waar die bekendmaking van die naam opsigself inligting oor die persoon aan die lig sal bring.

**HJMNF** sal u kontakinligting, bankbesonderhede, fondsbesonderhede, motiveringsbriewe, oprigtingsinligting, kwotasies, begrotings en finansiële state spesifiek versamel vir die doel om aansoeke te prosesseer en vir so lank as wat u as suksesvolle applikant fondse by **HJMNF** kry.

**HJMNF** prosesseer nie spesiale persoonlike inligting nie.

**"Prosesseer"** word gedefinieer as enige bedrywigheid of aktiwiteit of enige stel bedrywighede, hetsy by wyse van outomatiese middele al dan nie, aangaande persoonlike inligting, met insluiting van—

(a) die insameling, ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, opdatering of aanpassing, herwinning, aanpassing, konsultasie of gebruik;

(b) verspreiding by wyse van oorsending, verspreiding of beskikbaarstelling in enige ander vorm; of

(c) samesmelting, koppeling, asook inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.

“**Verantwoordelike party**” beteken ’n openbare of privaatliggaam of enige ander persoon wat, eiehandig of in samewerking met andere, die oogmerk van en middele van prosessering van persoonlike inligting bepaal. In die geval sal dit **HJMNF** wees.

## 2. VERTROULIKHEID VAN PERSOONLIKE EN BESIGHEIDSINLIGTING

**HJMNF** onderneem om redelike stappe te neem om die persoonlike en besigheidsinligting van die datasubjek, wat deur ons bewaar word, veilig en vertroulik te hou; dat die datasubjek se inligting wettig en op 'n redelike wyse geprosesseer sal word; om dit slegs vir 'n bepaalde en spesifieke wettige doel te hou; om dit slegs te prosesseer op maniere wat versoenbaar is met die doel waarvoor dit aanvanklik gegee is; om data akkuraat te hou, om dit nie langer as wat nodig is vir die spesifieke doel te behou nie en sal ook op versoek 'n afskrif van persoonlike inligting aan die datasubjek verskaf.

U onderneem dat enige persoonlike en besigheidsinligting wat aan ons verskaf word, akkuraat is en deur ons geprosesseer kan word in die konteks van POPIA. Hierdie klousule is nie van toepassing wanneer vertroulike inligting die publieke domein binnedring of wanneer daar van ons verwag word om dit aan ons versekeraars, regsadviseurs of onder wetlike verpligtinge bekend te maak nie.

## 3. INLIGTINGSBEAMPTE

POPIA vereis dat 'n inligtingsbeampte aangestel moet word. Erna Meaker is die inligtingsbeampte vir **HJMNF**. U kan haar kontak by emeaker@saffraan.co.za.

Die pligte van die Inligtingsbeampte word uiteengesit in Artikel 55 (1) van die Wet, wat lees:

55(1) 'n inligtingsbeampte se verantwoordelikhede behels ook—

(a) die aanmoediging tot voldoening, deur die liggaam, aan die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting;

(b) die hantering van versoeke wat ooreenkomstig hierdie Wet aan die liggaam gerig word;

(c) om met die Reguleerder saam te werk in verband met ondersoeke wat ooreenkomstig Hoofstuk 6 met betrekking tot die liggaam gedoen word;

(d) om, andersins, voldoening deur die liggaam aan die bepalings van hierdie Wet te verseker; en (e) soos wat voorgeskryf mag word.

**Aanspreeklikheid van Inligtingsbeamptes**

Aard van oortreding en straf:

Artikel 107 van POPIA verwys na die aard van straf indien daar 'n oortreding is van die Wet. Artikel 107 lees as volg:

1. Enige persoon wat ingevolge hierdie Wet skuldig bevind is aan 'n misdryf, is aanspreeklik in geval van oortreding van—
    1. artikel 100, 103 (1), 104 (2), 105 (1), 106 (1), (3) of (4) tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf; of
    2. artikels 59, 101, 102, 103 (2) of 104 (1), tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

- Artikel 92 van POPIA bepaal dat voltooide ondersoeke van klagtes na die afdwingingskommissie verwys mag word vir oorweging en 'n aanbeveling soos bedoel in Artikel 93.
- Artikel 93 van POPIA bepaal dan dat die afdwingingskommissie 'n aanbeveling mag maak vir stappe wat geneem moet word teen 'n inligtingsbeampte, na gelang van die geval, ingevolge POPIA **of** ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 ("PAIA").
- Dus mag voltooide ondersoeke van klagtes na die afdwingingskommissie verwys word vir oorweging en die afdwingingskommissie mag 'n aanbeveling maak vir stappe wat geneem moet word teen 'n inligtingsbeampte, ingevolge POPIA **of** ingevolge PAIA.

**4. DIE OPERATEUR**

*The Office in Stellenbosch (Edms) Bpk* tree op as operateur vir **HJMNF.** Die ''operateur'' is 'n entiteit wat ingevolge 'n kontrak of mandaat persoonlike inligting vir 'n verantwoordelike party prosesseer, sonder om onder die direkte gesag van **HJMNF** te wees.

Die operateur is die party wat die werklike prosessering van u persoonlike inligting namens ons uitvoer.

**Wanneer HJMNF 'n operateur aanstel, moet ons:**

- die uiteindelike verantwoordelikheid vir 'n operateur behou solank die operateur in terme van die ooreenkoms optree;
- toesien dat 'n operateur slegs die inligting wat aan hom gegee word met ons kennis of magtiging prosesseer, dat persoonlike inligting wat tot hul kennis kom as vertroulik behandel moet word en ook dat hulle dit nie aan ander openbaar nie (tensy dit deur die Wet vereis word of in die loop van die regtelike uitvoering van hul pligte is);
- moet ingevolge 'n skriftelike kontrak tussen ons en die operateur toesien dat die operateur wat persoonlike inligting vir ons prosesseer, die veiligheidsmaatreëls instel en handhaaf soos voorgeskryf onder POPIA.

**Pligte van die Operateur**

POPIA skryf voor dat 'n operateur ons onmiddellik in kennis moet stel indien daar redelike gronde is om te glo dat 'n ongemagtigde persoon toegang tot u persoonlike inligting verkry het.

**5. UITSLUITINGS**

As die inligting wat geprosesseer is nie onder die definisie van persoonlike inligting val nie, is dit uitgesluit van POPIA en kan die prosessering van die inligting voortgaan sonder om aan POPIA te voldoen.

<u>Die volgende soorte prosessering is uitgesluit, naamlik inligting:</u>

- geprosesseer vir suiwer persoonlike of huishoudelike aktiwiteite;

- wat geherklassifiseer is (indien die inligting wat dit aan 'n spesifieke onderwerp koppel verwyder is of die skakel tussen 'n datasubjek en hul persoonlike inligting in so 'n mate verbreek is dat iemand die inligting nie weer aan die datasubjek kan koppel nie. 'n Voorbeeld is 'n mediese verslag sonder die naam of kontakbesonderhede van die persoon op wie dit betrekking het);
- geprosesseer namens die Staat of gebruik deur die Kabinet of die Uitvoerende Raad van 'n Provinsie en enige Munisipaliteit;
- geprosesseer vir ondersoek en vervolging van strafregtelike aangeleenthede;
- uitsluitlik vir joernalistieke doeleindes gebruik;
- benodig vir die regterlike funksies van howe; en / of
- wat vrygestel is deur die Inligtingsreguleerder (ingevolge artikel 34 van POPIA).

## 6. BEGINSELS VIR INLIGTINGSBESKERMING

U het 'n aantal regte ingevolge POPIA, waarvan **HJMNF** bewus is. Die personeel van *The Office in Stellenbosch (Edms) Bpk***,** as hulle operateur, is opgelei in die beginsels van POPIA en sal bewus wees van die persoonlike inligting wat gehou word.

<u>Hoe **HJMNF** die beginsels sal implementeer:</u>

1. **HJMNF** sal nie persoonlike inligting oor u stoor sonder om u direkte toestemming te bekom nie;
2. U kan enige tyd versoek om enige persoonlike inligting wat van u gestoor word te hersien, en **HJMNF** sal sulke inligting nie weerhou nie;
3. U kan versoek dat verandering tot u persoonlike informasie gemaak word en **HJMNF** sal verplig wees om hierdie verandering te maak;
4. Geen persoonlike inligting sal aan enige persoon bekend gemaak word sonder u direkte toestemming nie. 'n Oortreding in hierdie verband sal as 'n ernstige en strafbare oortreding beskou word;
5. **HJMNF** sal nie enige veranderinge tot u persoonlike inligting aanbring sonder u direkte toestemming nie;
6. **HJMNF** sal nie enige informasie aan enige iemand verskaf waarin u geïdentifiseer kan word vir die doeleindes van navorsing, statistiek of enige ander doel nie.

## 7. HOE HJMNF INLIGTING INSAMEL

Ons kan persoonlike data op verskillende maniere versamel, byvoorbeeld: uit die inligting wat u aan ons verskaf wanneer u met een van ons trustees of operateurs vergader, wanneer u telefonies, per e-pos of ander vorme van elektroniese kommunikasie met ons kommunikeer (in hierdie verband, mag ons sodanige kommunikasie monitor, opneem en bewaar), wanneer u aansoek of ander vorm invul vir befondsing of

rapportering aan **HJMNF** en ook van openbare beskikbare bronne of derde partye waar ons agtergrondkontroles oor u doen.

Ons sal u persoonlike inligting in lyn met die volgende voorwaardes prosesseer:

**Voorwaarde 1: Verantwoordingspligtigheid**

- Ons verseker dat die voorwaardes uiteengesit in POPIA, en alle maatreëls wat ‘n effek het op hierdie voorwaardes, nagekom word tydens die bepaling van die doel en hoe die inligting geprosesseer gaan word, asook tydens die prosessering self.

**Voorwaarde 2: Beperkte prosessering**

- Die inligting wat ons versamel sal nie buitensporig wees nie, is regtens regverdigbaar en word nie sonder goeie rede van derde partye versamel nie.
- Daar is ses regverdige gronde waar u persoonlike inligting geprosesseer mag word:
    1. Waar u toestemming gee;
    2. Waar prosessering nodig is om aksies uit te voer vir die sluit of uitvoering van ‘n kontrak waaraan u deel is;
    3. Waar prosessering voldoen aan ‘n verpligting wat deur die Wet aan ons opgelê word;
    4. Waar prosessering u wettige belang beskerm;
    5. Waar prosessering nodig is om **HJMNF** of ‘n derde party aan wie die inligting verskaf word, se wettige belange na te streef; of
    6. Waar prosessering nodig is vir die behoorlike nakoming van ‘n publiekregtelike plig deur ‘n openbare liggaam.
- Ons versamel inligting direk van u.

**Voorwaarde 3: Oogmerkspesifikasie**

- Persoonlike inligting word versamel vir 'n spesifieke, duidelik omskrewe en wettige doel wat verband hou met 'n funksie of aktiwiteit van **HJMNF**. Die persoonlike inligting word spesifiek versamel vir die doel om die aansoeke te prosesseer en behou vir so lank as wat u ‘n suksesvolle applikant vir befondsing is.
- Rekords van persoonlike inligting word nie langer as wat nodig is om die doel te bereik waarvoor die inligting geprosesseer of versamel is bewaar nie, tensy uitsonderings geld.

**Voorwaarde 4: Beperkte verdere prosessering**

- Verdere prosessering moet in ooreenstemming of versoenbaar wees met die doel waarvoor persoonlike inligting versamel word.
- Verdere prosessering van inligting is toegelaat:
  - Waar u toestemming gee tot die verdere prosessering van inligting; of
  - waar die inligting vir historiese, statistiese of navorsingsdoeleindes gebruik word en ons verseker dat die prosessering slegs vir sulke doeleindes uitgevoer word en nie in 'n identifiseerbare vorm gepubliseer sal word nie.

**Voorwaarde 5: Inligtingsgehalte**

Ons neem redelike praktiese stappe om te verseker dat u persoonlike inligting volledig, akkuraat en nie misleidend is nie en waar nodig opgedateer word.

**Voorwaarde 6: Deursigtigheid ("openheid")**

- Dokumentasie
  - PAIA Beleid (op ons webtuiste: www.hetjanmarais.co.za).
  - POPIA Beleid (op ons webtuiste: www.hetjanmarais.co.za).
- Kennisgewing aan datasubjek:
  - Ons neem redelike praktiese stappe om te verseker dat u bewus is van:
    - Die informasie ingesamel;
    - Die bron van wie die inligting ingesamel was, as dit nie direk van u af ingesamel is nie;
    - Ons naam en adres;
    - Of die verskaffing van die inligting deur u vrywillig of verpligtend is;
    - Die gevolge waar die inligting nie verskaf word nie;
    - Enige spesifieke wet wat die versameling van die inligting magtig of vereis;
    - Enige bewuste buitelandse oordragte;
    - enige verdere inligting wat nodig is, met inagneming van die spesifieke omstandighede waarin die inligting geprosesseer word, om die prosessering teenoor u redelik en regverdig te maak.

**Voorwaarde 7: Veiligheidsvoorsorgmaatreëls**

Ons verseker die integriteit en vertroulikheid van persoonlike inligting in ons besit deur toepaslike, redelike, tegniese en organisatoriese maatreëls te tref om 'n-

- verlies van, skade aan of ongemagtigde vernietiging van persoonlike inligting; en
- onwettige toegang tot of prosessering van persoonlike inligting, te voorkom.

Om uitvoering hieraan te gee, neem ons redelike maatreëls om:

- alle redelike voorsienbare interne en eksterne risiko's vir persoonlike inligting in ons besit of onder ons beheer te identifiseer;
- die nodige voorsorgmaatreëls teen die geïdentifiseerde risiko's in te stel en in stand te hou;
- gereeld te verifieer dat die maatreëls effektief geïmplementeer word; en
- om te sorg dat die maatreëls voortdurend opgedateer word na aanleiding van nuwe risiko's of tekortkominge in die voorheen geïmplementeerde maatreëls.

**<u>Voorwaarde 8: Deelname deur datasubjek</u>**

U regte onder POPIA word deur ons herken:

- die reg op bevestiging;
- die reg op toegang;
- die reg op regstelling, vernietiging of verwydering;
- die reg op beswaar.

## 8. HOE HJMNF U PERSOONLIKE INLIGTING KAN PROSESSEER SONDER U TOESTEMMING, HOE ONS DAARDIE INLIGTING GEBRUIK EN MET WIE ONS DIT DEEL

- Ons kan u persoonlike data prosesseer indien dit nodig is vir die uitvoering van 'n kontrak waarby u 'n party is, of om stappe te neem op 'n versoek voordat u 'n kontrak aangaan;
- Prosessering voldoen aan 'n verpligting wat deur die Wet aan ons opgelê word;
- Prosessering beskerm u wettige belang;
- Prosessering is nodig om ons regmatige belange na te streef of die van 'n derde party aan wie die inligting verskaf is.

## 9. DATA OORDRAG VAN PERSOONLIKE INLIGTING

**HJMNF** en sy operateur moet die volgende doen:

1. Gebruik maak van veilige aanlynkanale/internet;
2. Sterk wagwoorde gebruik;
3. Gebruik maak van 'n veilige e-pos wat data enkripteer;

4. 'n Skriftelike ooreenkoms instel voordat data aan 'n derde party oorgedra word (operateursooreenkomste). Die ooreenkoms moet die doel uiteensit van waarom die inligting vereis word.

## 10. INLIGTINGSREGULEERDER

POPIA voorsien vir die instelling van ‘n onafhanklike outoriteit, naamlik die Inligtingsreguleerder. Die Inligtingsreguleerder is verantwoordelik om te verseker en te monitor dat die POPIA voorwaardes nagekom word.

### 10.1 INDIEN VAN KLAGTES BY DIE INLIGTINGSREGULEERDER

U mag mondelings of skriftelik 'n klag by die Inligtingsreguleerder indien wanneer u beweer dat daar inmenging met u reg op privaatheid voorkom.

Na ontvangs van 'n klag is die Inligtingsreguleerder verplig om die klagte te ondersoek, as versoener op te tree en verdere stappe te neem in lyn met POPIA. Die Inligtingsreguleerder mag onder meer:

- die verskyning van individue afdwing;
- die verskaffing van skriftelike of mondelinge getuienis onder eed afdwing;
- bewyse ontvang ongeag of die bewyse of getuienis in ‘n hof toelaatbaar is; en
- enige perseel wat deur ons gebruik word betree en deursoek.

Indien nodig, kan die Inligtingsreguleerder 'n regter van die Hooggeregshof of 'n landdros versoek om 'n lasbrief uit te reik om die Inligtingsreguleerder in staat te stel om persele te betree en te deursoek.

## 11. SPESIALE KENNISGEWING/REGISTRASIEVEREISTES

Geen registrasie- of kennisgewingsvereistes vir die prosessering van persoonlike inligting word deur POPIA voorgeskryf nie, behalwe voorafgoedkeuring met betrekking tot sekere beperkte kategorieë ingevolge Artikel 57 van POPIA, wat verband hou met die oordrag van spesiale persoonlike inligting of persoonlike inligting rakende kinders.

## 12. STAPPE WAT HJMNF MOET IMPLEMENTEER OM AAN POPIA TE VOLDOEN

### 12.1 WAT VEREIS WORD VAN HJMNF OM TE VOLDOEN AAN POPIA

- **Ons Inligtingsbeampte se rol:** Ons Inligtingsbeampte is geregistreer in terme van POPIA.
- **Opleiding van personeel:** Werknemers sal opgelei word oor wat die privaatheid van data behels en wat hul pligte in terme van POPIA is.

- **Persoonlike inligting by HJMNF** Ons sal 'n selfkontrole / GAP-analise / impakstudie doen oor wanneer en hoe inligting versamel word, hoe dit gestoor en gebruik word, hoe dit uiteindelik geskrap of vernietig word en of dit met die nodige toestemming versamel is of op 'n ander manier wettiglik verkry is waar toestemming nie nodig is nie. Sodra so 'n "self-oudit" afgehandel is, moet daar 'n duidelike begrip wees van hoe data by **HJMNF** verwerk word. Leemtes en risikos moet geidentifiseer word.
- **Ontwerp 'n uitvoerbare nakomingsraamwerk wat gewoonlik geïdentifiseerde prosesse en beleide insluit:** ‘n Behoorlike GAP-analise sal help om te bepaal watter prosesse en beleide in plek gesit moet word. Dit sal insluit (waar toepaslik):
    - Opdatering van dienskontrakte;
    - Opdatering van verskafferooreenkomste;
    - Implementering van beleide.
- **Implementering:** Die nakomingsraamwerk moet geïmplementeer, gemonitor en onderhou word.

**13. WERKNEMERS- EN DIENSKONTRAKTE (INDIEN VAN TOEPASSING)**

Die algemene bepalings onder POPIA is van toepassing op alle persoonlike inligting wat verwerk word as deel van die diens van 'n datasubjek. POPIA bevat spesifiek die werksgeskiedenis van 'n datasubjek in die definisie van persoonlike inligting. Dit beteken dat POPIA van toepassing is op die versameling en gebruik van persoonlike inligting van voornemende werknemers, huidige werknemers en voormalige werknemers, sowel as die beheer van werknemers se e-pos, internettoegang, liggingsdata en die videobewaking van werknemers in die werksverband.

<u>**HJMNF** moet verseker dat hulle:</u>

- wettige regverdiging het vir die prosessering van persoonlike inligting;
- die persoonlike inligting wat verwerk word relevant, voldoende en nie buitensporig is nie en geprosesseer word in lyn met die doel waarvoor dit aanvanklik ingesamel was;
- werknemers in kennis stel van wat die doel is vir die insameling en prosessering van persoonlike inligting, en die werkgewer moet elke werknemer se reg op toegang en wysinging in die lig van POPIA vereistes in ag neem.

Dit word verder aanbeveel om bepalings in die dienskontrak te sit wat die verpligtinge van die werkgewer om die privaatheidsbeleid van ‘n werknemer na te kom. (Beide met betrekking tot die persoonlike inligting van die werkgewer en díe van kliënte en diensverskaffers waarin die werknemer kan kontak maak gedurende die tydperk van hul diens).

**HJMNF** moet sorg dat daar 'n bewustheid van die belangrikheid van beleide is en dit kan gedoen word deur gereelde opleiding en bewusmaking oor POPIA met werknemers.

**14. KENNISGEWING WAAR DAAR 'N DATA OORTREDING IS**

Waar daar redelike gronde is om te glo dat 'n ongemagtigde persoon toegang tot u persoonlike inligting verkry het, moet **HJMNF** of enige derde party wat persoonlike inligting prosesseer in opdrag van HJMNF (die operateur), u en die Inligtingsreguleerder daarvan in kennis stel. (Let op: kennisgewing aan die datasubjek is nie nodig indien die identiteit van die datasubjek nie vasgestel kan word as gevolg van die oortreding nie).

<u>Kennisgewing aan u moet:</u>

- so gou as moontlik gedoen word na die ontdekking van die oortreding;
- gedetailleerd wees;
- skriftelik wees; en
- gekommunikeer word aan u deur e-pos aan u laaste bekende e-pos adres of gepos word na u laaste bekende fisiese adres of posadres, of dit moet in 'n prominente posisie op ons webtuiste geplaas word of gepubliseer word in die nuus, of soos voorgeskryf deur die Reguleerder.

**15. SANKSIES**

Die Inligtingsreguleerder is verantwoordelik vir die ondersoek en afdwinging van POPIA.

<u>Iemand oortree die bepalings van POPIA as hy / sy:</u>

- Die Inligtingsreguleerder se optrede belemmer of onwettig beïnvloed;
- Versuim om aan 'n kennisgewing te voldoen;
- Vals getuienis lewer voor die Inligtingsreguleerder oor enige aangeleentheid na beëdiging of bevestiging daarvan;
- Voorwaardes van verskaffing van persoonlike inligting oortree;
- Wetend of roekeloos, sonder ons toestemming, persoonlike inligting van 'n ander persoon verkry, verkoop of aanbied om te verkoop aan 'n ander persoon.

Oortreding van POPIA kan tot verreikende sanksies lei, waaronder die oplegging van boetes tot R10 miljoen, gevangenisstraf vir 'n tydperk van 12 maande tot 10 jaar of 'n skadevergoedingseis deur u, ingesluit kan word.

## 16 DATARETENSIE

In terme van POPIA, moet rekords van persoonlike inligting nie langer bewaar word as wat nodig is vir die bereiking van die doel waarvoor die inligting versamel of geprosesseer is nie.

Behalwe (indien):

- Bewaring van die rekord deur ‘n wet vereis of gemagtig word (byvoorbeeld: die Maatskappywet 71 van 2008);
- Waar **HJMNF** die rekords benodig vir wettige doeleindes wat in verband hou met hul funksies of aktiwiteite;
- Die bewaring van rekords vereis word deur 'n kontrak tussen die partye daartoe; of
- Die datasubjek of 'n bekwame persoon, waar die datasubjek 'n kind is, ingestem het dat die rekord bewaar bly.

Nieteenstaande hierdie uitsonderings, kan rekords van persoonlike inligting bewaar word vir langer tydperke vir historiese, statistiese of navorsingsdoeleindes, indien **HJMNF** toepaslike maatreëls in plek het om te sorg dat die rekords nie vir enige ander doeleindes gebruik word nie.

**Wanneer moet HJMNF 'n rekord van persoonlike inligting vernietig of verwyder of dit heridentifiseer:**

Sodra dit redelikerwys prakties moontlik is nadat die verantwoordelike party nie meer gemagtig is om die rekord te hou in terme van bogenoemde nie.

**HJMNF moet die verwerking van persoonlike inligting beperk wanneer**—

1. Die datasubjek die akkuraatheid daarvan bevraagteken, vir ‘n tydperk wat die verantwoordelike party in staat stel om die akkuraatheid van die inligting te verifieer;
2. Die verantwoordelike party nie meer die persoonlike inligting benodig vir die bereiking van die doel waarvoor die inligting versamel of daarna geprosesseer is nie, maar dit moet bewaar word vir bewysdoeleindes;
3. Die verwerking onwettig is en die datasubjek die vernietiging of skrapping daarvan teëstaan en versoek om die beperking van die gebruik daarvan; of
4. Die datasubjek versoek om die persoonlike data na 'n ander outomatiese verwerkingstelsel oor te dra.

Bogenoemde persoonlike inligting mag, met die uitsondering van stoor, slegs verwerk word vir:

- bewysdoeleindes; of

- met die datasubjek se toestemming; of
- met die toestemming van ‘n bekwame persoon ten opsigte van ‘n kind; of
- vir die beskerming van die regte van 'n ander natuurlike of wettige persoon of as sodanige prosessering in die openbare belang is.

Waar die prosessering van persoonlike inligting ingevolge bogenoemde beperk word, moet die verantwoordelike party die datasubjek daarvan in kennis stel voordat die beperking gelig word.

**17. DATASUBJEK SE VERSOEK VIR TOEGANG TOT INLIGTING**

Idien u wil hê dat **HJMNF** moet bevestig dat ons persoonlike inligting oor u besit; 'n beskrywing van die inligting wil hê of sodanige persoonlike inligting wil regstel, moet die volgende proses, soos uiteengesit hieronder, gevolg word.

**17.1 DIE PROSES OM ‘N VERSOEK VIR DIE TOEGANG EN VERANDERINGE TOT PERSOONLIKE INLIGTING ONDER POPIA**

**Artikel 23** van POPIA verklaar dat 'n datasubjek 'n verantwoordelike party kan versoek om te bevestig dat hulle persoonlike inligting oor die datasubjek hou en mag 'n beskrywing van die inligting en wie toegang het daartoe, verkry. Waar so 'n versoek ontvang word, moet die saak na die Inligtingsbeampte verwys word wat sal toesien dat die regte prosedure gevolg word.

**Artikel 24** van POPIA, maak voorsiening vir die reg om te versoek dat persoonlike inligting wat deur 'n verantwoordelike party gehou word, reggestel moet word, indien dit onakkuraat, onvolledig, misleidend of verouderd is of waar die inligting onwettig of buitensporig verkry was. Waar so 'n versoek ontvang word, moet die saak na die Inligtingsbeampte verwys word wat sal toesien dat die regte prosedure gevolg word.

**Artikel 23 verklaar dat:**

23. (1) ’n Datasubjek, by verskaffing van genoegsame bewys van identiteit, het die reg om—

(a) ’n verantwoordelike party te versoek om, kosteloos, te bevestig of die verantwoordelike party persoonlike inligting oor die datasubjek hou, al dan nie; en

(b) van ’n verantwoordelike party, die rekord of ’n beskrywing van die persoonlike inligting oor die datasubjek wat deur die verantwoordelike party gehou word, met inbegrip van inligting oor die identiteit van alle derde partye, of kategorieë van derde partye, wat toegang tot die inligting het of gehad het—

(i) binne ’n redelike tydperk;
(ii) teen voorgeskrewe gelde, indien enige;
(iii) in ’n redelike wyse en formaat; en

(iv) in ’n vorm wat algemeen verstaanbaar is, te versoek.

(2) Indien persoonlike inligting in reaksie op ’n versoek ingevolge subartikel (1) aan ’n datasubjek oorgedra word, moet die datasubjek ingelig word van die reg ingevolge artikel 24 om regstelling van die inligting te versoek.

(3) Indien ’n datasubjek deur ’n verantwoordelike party versoek word om gelde te betaal vir die dienste wat ingevolge subartikel (1)(b) aan die datasubjek gelewer word ten einde die verantwoordelike party in staat te stel om te reageer op die versoek—

(a) moet die verantwoordelike party ’n skriftelike beraming van die gelde aan die applikant gee, alvorens die dienste gelewer word; en

(b) kan die verantwoordelike party vereis dat die applikant ’n deposito vir die somtotaal of ’n gedeelte van die gelde betaal.

(4) (a) ’n Verantwoordelike party kan of moet, na gelang van die geval, weier om enige inligting wat ingevolge subartikel (1) versoek is, te verskaf ten opsigte waarvan die gronde vir die weiering van toegang tot rekords in die toepaslike artikels van Hoofstuk 4 van Deel 2 en Hoofstuk 4 van Deel 3 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, van toepassing is.

(b) Die bepalings van artikels 30 en 61 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting is van toepassing ten opsigte van toegang tot gesondheids- of ander rekords.

(5) Indien ’n versoek om persoonlike inligting tot ’n verantwoordelike party gerig word en ’n gedeelte van daardie inligting kan of moet ingevolge subartikel (4)(a) geweier word, moet enige ander gedeelte daarvan verskaf word.

**Artikel 24 verklaar dat:**

24. (1) ’n Datasubjek kan, op die voorgeskrewe wyse, ’n verantwoordelike party versoek om—

(a) persoonlike inligting aangaande die datasubjek wat in die verantwoordelike party se besit is of onder die verantwoordelike party se beheer is wat onakkuraat, irrelevant, oortollig, verouderd, onvolledig, misleidend is of onregmatig verkry is, reg te stel of uit te wis; of

(b) ’n rekord van persoonlike inligting aangaande die datasubjek wat die verantwoordelike party nie langer, ingevolge artikel 14, kan behou nie te vernietig of uit te wis.

(2) By ontvangs van ’n versoek ingevolge subartikel (1), moet ’n verantwoordelike party so gou as wat redelikerwys moontlik is—

(a) die inligting regstel;

(b) die inligting vernietig of uitwis;

(c) die datasubjek, tot sy of haar oortuiging, van geloofwaardige bewysmateriaal ter stawing van die inligting, voorsien; of

(d) waar geen ooreenkoms tussen die verantwoordelike party en die datasubjek bereik kan word nie, en indien die datasubjek so versoek, sodanige stappe doen as wat redelik in die omstandighede is, om op so ’n wyse dat dit altyd saam met die inligting gelees word, ’n aanduiding aan die inligting te heg dat regstelling van die inligting versoek is, maar nie aangebring is nie.

(3) Indien ’n verantwoordelike party stappe kragtens subartikel (2) gedoen het wat ’n wysiging aan die inligting tot gevolg het en die gewysigde inligting ’n invloed het op die besluite wat aangaande die betrokke datasubjek geneem is of geneem gaan word, moet die verantwoordelike party, indien redelikerwys moontlik, elke persoon of liggaam of verantwoordelike party aan wie die persoonlike inligting bekend gemaak is, van sodanige stappe verwittig.

(4) Die verantwoordelike party moet ’n datasubjek, wat ’n versoek ingevolge subartikel (1) gerig het, in kennis stel van die stappe wat as gevolg van die versoek gedoen is.

## 18. AFSLUITING

POPIA vereis dat **HJMNF** toepaslike beleide en prosedures opstel om die verskillende vorme van persoonlike inligting wat deel uitmaak van hul sakebedrywighede te beskerm. Streng nakoming van hierdie beleid tesame met die bewusmaking van alle personeel en operateurs, sal verseker dat **HJMNF** aan die toepaslike wetgewing voldoen en die persoonlike inligting wat aan hulle toevertrou is, beskerm.